Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

MSc Biostatistiek (10253110)

Duur van studie 2 jaar

Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies word ’n vierjarige baccalaureusgraad of ’n honneursgraad vereis of in die geval van ’n driejarige baccalaureusgraad ook toepaslike praktiese (beroeps-) ervaring soos deur die Universiteit voorgeskryf plus enige ander addisionele werk wat die departementshoof nodig mag ag: Met dien verstande dat die departementshoof die diskresie het om te oordeel of die voorvereiste kwalifikasie of die kwalifikasie plus beroeps-ervaring vir toelating tot ’n spesifieke rigting aanvaarbaar sal wees.

In die geval van die studieveld Biostatistiek, word ’n toepaslike honneursgraad vereis, met Statistiek op honneursvlak.

Addisionele vereistes

Alle MSc-studente moet vir die module (TNM 800) Toegepaste navorsings-metodologie 800 registreer en dit bevredigend bywoon. (Vrystelling mag verleen word indien die module reeds vir BScHons geslaag is.) Sien ook Algemene Regulasies.

Ander programspesifieke inligting

Let wel: Die keusemodules moet deur die studieleier goedgekeur word.

Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies kan die Voorsitter van die Skool op aanbeveling van die departementshoof, 'n vasgestelde beperkte verlenging van die tydperk in buitengewone omstandighede goedkeur.

Eksamens en slaagvereistes

i. Die minimum slaagpunt vir 'n module is 50%.
ii. Die voorgeskrewe modules moet onafhanklik van mekaar geslaag word.
iii. 'n Tweede eksamen in 'n module word deur die departementshoof gereël en word afgeneem binne 'n tydperk deur hom of haar bepaal.
iv. 'n Tweede eksamen word nie toegestaan in 'n module waarin minder as 40% behaal is nie. Sodanige module moet volledig herhaal word.
v. 'n Student wat twee modules (of dieselfde module twee keer) gedruip het, mag slegs met sy of haar studie mag voortgaan met die goedkeuring van die Voorsitter van die Skool, op aanbeveling van die departementshoof.

Navorsing

Navorsingsprotokol
Ná registrasie, moet 'n student vir die MSc-graad 'n volledige navorsingsprotokol oor die beoogde verhandeling aan die Akademiese Advieskomitee van die Skool en indien nodig ook aan die Etiekkomitee vir goedkeuring voorlê.

Verhandeling
'n Verhandeling oor 'n goedgekeurde navorsingsprojek moet addisioneel tot die gedoseerde leergang geslaag word. Die bepalings van die Algemene Regulasies in verband met die voorbereiding en indiening, tegniese versorging en samevatting van 'n verhandeling, is van toepassing.

'n Sistematiese literatuuroorsig (Cochrane-tipe) oor 'n goedgekeurde onderwerp wat onderneem word op so 'n wyse dat subjektiwiteit geminimaliseer word, mag as alternatief vir die verhandeling in die toekenning van die MSc-graad aangebied word, op voorwaarde dat CLI 870 Beginsels van kliniese epidemiologie sukesevol voltooi is. Dit vereis onder andere 'n navorsingsprotokol met duidelik geformuleerde doelstellings en metodes. In- en uitsluitingsmetodes vir die studie moet bepaal word. Waar toepaslik, moet die data opgesom word (meta-analise), met toepaslike statistiese metodes.

Slaag met lof

Die gemiddelde punt van die modules, geweeg volgens die aantal krediete van elke individuele module, sal die finale punt (%) van die gedoseerde werk wees.

Die graad word met lof toegeken aan 'n student wat ’n gemiddelde van minstens 75% in die gedoseerde leergang, sowel as 'n finale punt van minstens 75% vir die verhandeling verwerf het.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.